3.8. TEGNIEKE:

3.8.1. SNOEI:

Die boom kan deur die hele somer gesnoei word indien dit nodig sou wees. Dit is nie nodig om iets aan die rou plekke te smeer nie.

3.8.2. BEDRADING:

Takke moet deur die hele groeifase bedraad word anders groei dit weer reguit. Omdat die takke maklik insnymerke maak is dit beter om die draad met raffia te bedek. Gewiggies wat aan die takke hang af hake kan ook gebruik word.

3.8.3. STAM- EN TAKVERDIKKING:

Om die stam en takke te laat verdik kan dit gekneus word, in all rigtings gebuig word, met 'n rondepunt hamertjie gekap word of met 'n tangetjie gedruk word totdat die bas effens loskom. Wees egter versigtig vir ringbas.

3.8.4. SNOEIMERKE:

Hierdie merke word op 'n wonderlike wyse deur die boom verwerk. Daar vorm 'n roof oor die snoeimerk en na drie jaar is dit nie moontlik om te sien waar 'n tak afgesny is nie.

3.8.5. TAKVORMING:

Waar 'n tak gevorm moet word kan 'n dwars snytjie deur die kambrium gemaak word. Die snytjie verhinder die vloei van sap en dwing 'n ogie om uit te loop. 'n Goeie Kremetartboom moet vier of meer takke en 'n kroon hê. 'n Jong boompie kan 'n tak by 'n u boom vorm deur rou raakvlakke te maak, dit styf aan mekaar vas te bind en dit daarna te seel.

3.9. STYLE:

Die stam groei gewoonlik reghoekig uit die grond uit sonder om te verwyd na die wortels. Die besemstyl is die mees algemene styl. Die takke is meestal horisontaal met 'n afwaartse wending aan die punte. Die fokuspunt van die Kremetart is sy massiewe stam met 'n kleinerige trossie blare as die kruin. Die swaar takke buig uit die stam uit en vertak en verdun gou. Die informeel regopstyl, skuinsstyl en vryestyl kan ook gebruik word.

3.10. POTTE:

Kremetarte is manlike bome wat hoekige, bonkige potte verdien. Die diepte van die pot kan meer wees as wat die stamdikte regverdig. Die kleur moet donkerder as die stam wees in aardse bruine of gryse.

3.11. PESTE:

Kremetarte is redelik pesvry. Sagte swart luise op die jong groei kan met gif bespuit word.